



AFRIKAANS HUISTAAL

GRAAD 10

NASIENRIGLYNE

VRAESTEL 1

LEESBEGRIP, OPSOMMING, TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

NOVEMBER 2018

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 8 bladsye

AFDELING A: LEESBEGRIP**Nasien van die leesbegrip**

- Spelfoute waar eenwoord-antwoorde vereis word, word by Huistaal geenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie geenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae, WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING word slegs die rede/motivering/aanhaling bepunt.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie geenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek nie.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie geenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

VRAAG 1: ARTIKEL

VRAAG	ANTWOORD	PUN T	VLA K
1.1	Anderson is 'n fikse langasem (✓) wat 4 uur- en 5 uur-tennisstelle (✓) met gemak kafdra.	2	1
1.2	Die spel het uit vyf stelle bestaan.	1	1
1.3	Dit is 'n wedstryd waarin hy (Anderson) al die stelle gewen het.	1	1
1.4	Ná 'n vyfstel-marathon (✓) het Anderson uiteindelik die Kanadees oorwin. (✓)	2	2
1.5	Anderson het aansienlik sterker (✓) kompetisie teëgekom as wat hy aanvanklik (✓) verwag het.	2	3
1.6	Ja, Anderson het reeds 594 minute, bykans 10 uur, wedstrydspel in die kompetisie (✓) agter die rug. Voorwaar 'n marathon-poging. (✓)	2	3
1.7	ellelange man.	1	2
1.8	Moeg/gedaan/uitgeput	1	2

VRAAG	ANTWOORD	PUN T	VLA K
1.9	Anderson speel nie deurgaans skitterende spel sodat hy korte mette van sy teenstanders (✓) maak nie. Die gehalte van sy spel wissel. (✓)	2	3
1.10	Feit – hy sukkel (✓) om vinnig en kragtig met sy teenstanders klaar te speel. (✓)	2	4
1.11	1.11.1 Hy laat sy teenstanders deurglip (✓); hy laat toe dat hulle 'n houvas op die wedstryd kry. (✓)	2	4
	1.11.2 Jy het nie vir die toets geleer nie; dit gaan jou duur te staan kom. <i>(Uit die kandidaat se antwoord moet duidelik blyk dat hy/sy die betekenis van “duur te staan kom” begryp)</i>	1	2
1.12	Statistiek is nie vandag 'n faktor nie	1	2
1.13	Hy is kwesbaar op sy tweede afslaan.	1	2
1.14	Thiem het 'n goeie kans om Anderson te oorwin.	1	3
1.15	Die son skyn <u>fel</u> op die tennisbaan.	1	2
1.16	Sy het haar suster, Venus, gewen.	1	1
1.17	Sy is 'n fisies sterk/bekwaam/ervare (✓) tennisspeler met deursettingsvermoë/wilskrag (✓) <i>(Enige TWEE. Laat u lei deur die kandidaat se antwoord)</i>	2	2
1.18	1.18.1 Tien jaar	1	2
	1.18.2 Venus se deelname (✓) aan Grand Slam-toernooie is waarskynlik nou iets van die verlede (✓), wat die wedywering tussen die susters ook tot 'n einde bring. (✓)	3	3
TOTAAL AFDELING A:		30	

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2****Nasien van die opsomming**

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs feite wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken:
 - o 7 punte vir 7 feite (een punt vir elke feit)
 - o 3 punte vir taal
 - o Puntetotaal: 10

- Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
 - o 1-3 feite korrek: ken 1 punt toe
 - o 4-5 feite korrek: ken 2 punte toe
 - o 6-7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:
 - o 6-7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
 - o 1-5 direkte aanhalings: ken 1 punt toe

LET WEL:

- **Tel van woorde:**
 - o Nasieners moet die getal woorde wat gebruik is, tel.
 - o Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
 - o Indien die maksimum getal woorde oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die maksimum getal woorde nasien en die res van die opsomming ignoreer.
 - o Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

LOFTUS – RASSIE WIL RED**Erasmus bied hulp aan**

	AANHALINGS UIT TEKS		MOONTLIKE BEWOORDING
1	Rassie Erasmus, SARU direkteur van rugby kan in verrassende wending by Loftus Versfeld die leisels oorneem, sou John Mitchell besluit om na Engeland...	A	Verrassende nuus is dat die Springbokafrigter moontlik die oplossing vir die Blou Bulle se afrigterdilemma is.
2	Die Bulle het agter die skerms reeds 'n plan om toe te sien dat die span se voorbereiding vir 2019 se Superreeks nie op 'n krisis uitloop nie.	B	Dit lyk asof daar dus 'n plan op die tafel is om die voorbereiding vir die 2019 Superreeks seepglad te laat verloop.
3	Daar word op goeie gesag verneem Erasmus het die Bulle onlangs genader en sy hulp aangebied.	C	Rassie Erasmus is skynbaar bereid om die Bulle met afrigting te help.
4	Erasmus se aanbod is baie goed ontvang onder die Loftus-besluitnemers.	D	Dié aanbod geniet tans positiewe aandag,
5	Die voorstel is dat Erasmus reeds ná die Bokke se jaareindtoer by die Bulle aansluit.	E	want dit wil voorkom asof hy reeds einde November betrokke sal raak.
6	Hy sal tydelik die Bulle se afrigter word wat tot die Bulle en Erasmus se voordeel sal wees.	F	Erasmus se betrokkenheid sal tot sy eie én die Bulle se voordeel wees.
7	Hy gaan by Loftus saam met talle Bokke kan werk en die Bulle het die voordeel om sy kundigheid te gebruik. Gegewe die onsekerheid is dit 'n goeie aanbod	G	Hy sal met verskeie Bokke kan saamwerk en sy kundigheid sal die Bulle net tot voordeel strek. Die huidige onsekerheid word dus 'n nekslag toegedien.

'n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:

Die Springbokafrigter blyk moontlik die oplossing te wees vir die Bulle se afrigterdilemma. Die Loftusspan wil verhoed dat die 2019 Superreeks-voorbereiding skipbreuk ly. Rassie is skynbaar bereid om die Bulle reeds vanaf die einde van November met afrigting te help. Dié aanbod geniet tans positiewe aandag, want dit sal vir Erasmus én die Bulle voordelig wees. Hy sal met verskeie Bokspelers saamwerk en die Bulle kan net baat by sy kundigheid. Die huidige onsekerheid word dus 'n nekslag toegedien.

Getal woorde: 79

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES**Nasien van hierdie afdeling**

- Spelling
 - o Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
 - o In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
 - o Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.

VRAAG 3: ADVERTENSIE

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.1	<u>ons</u> > Met <u>ons</u> hou jy die Pumas uit.	1
3.2	Die aksenttekens beklemtoon./Dit hef uit.	1
3.3	3.3.1 by	½
	3.3.2 hutsmerk	½
3.4	Gebiedende wyse	1
3.5	e.a.	1
3.6	Help	1
3.7	Oud-Springbokke	1
3.8	Die Pumas kan, met 'n bietjie hulp en ondersteuning, deur die Bokke 'n les geleer word.	1
3.9	<u>maatjies</u>	1
3.10	Sportliefhebbers/Bokondersteuners/Rugby-entoesiaste (Voordeel aan die kandidaat wat min of meer soortgelyke woorde as antwoord aanbied)	1
	TOTAAL	10

VRAAG 4: STROKIE

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.1	verblydend/gelukkig/opwindend	1
4.2	Dit toon aan die sin is nie voltooi nie/onvoltooide sin/woorde is weggelaat/teleurstelling is nie verwoord nie	1
4.3	Oor twee dae sal dit 'n teleurstelling wees.	1
4.4	Ek ... myself	1
4.5	teleurstellinkie	1
4.6	Ek was die skottelgoed/wasgoed/motor. Die bye se was word in verskeie produkte gebruik.	1
4.7	wasbleek	1
4.8	Ek is so spyt ek het daardie laaste skop misgeskop; dus kan ek myself skop!/ ... ek kan dus myself skop!	1
4.9	Beklemtoneing/uitheffing	1
4.10	Die dokter spuit my in. (<i>Enige gepaste sin met spuit</i>)	1
	TOTAAL:	10

VRAAG 5: ARTIKEL

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.1	Julia du Plessis mag net 15 jaar oud wees, maar wanneer dit by hoogspring kom, het sy 'n ou kop op haar lyf.	½
5.2	Sy is 'n ervare hoogspringer/knap hoogspringer.	1
5.3	bewese	1
5.4	Die skool kom uit./ Die skool presteer knap./ Die skool hou kermis. <i>(Enige twee sinne met <u>skool</u> in onderskeidende betekenisverband)</i>	1
5.5	Du Plessis's	1
5.6	Du Plessis voorspel dat die mededinging tussen hulle die jaar daarna die beste in elkeen van hulle na vore sal bring.	1
5.7	wil	½
5.8	Internasionale Olimpiese Komitee	1
5.9	Die verassing van die afgestorwe man het gister plaasgevind.	1
5.10	Dawid die wortels <u>gegrawe</u> het. Sy het gewys dat sy haar teenstander se meerdere is.	2
	TOTAAL:	10

TOTAAL AFDELING C: 30**GROOTTOTAAL: 70**